

trinitas

Baie welkom by Trinitas!

*Ons sien onself as 'n verlose familie van diensknegte wat gestuur is.
Ontdek saam met ons wat dit vir jou en Vanderbijlpark beteken!*

1 Verlos

SONDAG 1 MAART 2015

OGGEND 09:00

Regte Christenskap en regte groei

Teks: Kolossense 1:1-14

In elke dorp en selfs familie is daar verskillende idees oor Christenskap. Hoe weet jy wie is regtig reg? En daarby ... wie kan jy glo oor wat regte groei is as 'n verlose mens. Ons ontdek saam hoe om te toets vir regte Christenskap in jouself en in ander ... hoe om daarvoor te bid vir regte groei.

AAND 18:00

Hoe deel mens regte Christenskap met ander?

Teks: Kolossense 4:2-6

Hoe kom gebed, geleentheid, wysheid en karakter bymekaar in hoe ons maak met nie-Christene of afgedwaaldes? Ons dink prakties saam oor die meedeel van ons verlossing.

Preke beskikbaar in klank en teks by: www.gktrinitas.co.za

PROGRAM VIR DIE WEEK

Dinsdag 3 Maart

Aandbybelstudie 19:00

Kerkraadsvergadering 19:00

Woensdag 4 Maart

Oggendbybelstudie

Donderdag 5 Maart


CIA-byeenkoms 18:30

Vrydag 6 Maart

Manne-oggend 05:45

Gedagte

*Die siel word gevoed
deur dit waarin hy hom verheug.*
- Aurelius Augustinus (354 – 430 nC) -



2 Familie

LIEF EN LEED

Dink in jou gebede aan die volgende lidmate:

- Kobus Bester (0837640063) is ontslaan uit die hospitaal en sterk aan by sy dogter in Vereeniging.
- Zagrys Grobler (0849863611) se toestand het steeds nie verander nie.
- Pieter Markram (0848676990) is ontslaan uit die hospitaal.

Laat weet asb. die kerkkantoor van siektes, swaarkry, asook van vreugdes.

VERJAARSDAE: HARTLIK GELUK!

01/03	Anna-Ryna de Klerk	☎ 0834152085
01/03	Fourie du Plessis	☎ 0724605214
01/03	Ingrid Heine	☎ 0732731150
01/03	Avion vd Westhuizen	☎ 0837853242
02/03	Lorette Pieters	☎ 0825654295
03/03	Danie Venter	☎ 0833255161
03/03	Tania Viljoen	☎ 0845215978
04/03	Waldo Bloem	☎ 0828530213
04/03	Rinda Grimbeek	☎ 0832582423
04/03	Freddie Vermeulen	☎ 0835049884
04/03	Anton Weideman	☎ 0836324563
05/03	Errol Fourie	☎ 0834153116
05/03	Adri Minnaar	☎ 0835850958
05/03	Riaan Prinsloo	☎ 0725926364
05/03	Tina van Tonder	☎ 0169331588
06/03	Lenie Bester	☎ 0826891222
06/03	Emile Engelbrecht	☎ 0169324684
07/03	Ernst Eloff	☎ 0828590711
07/03	Erica Kuschke	☎ 0825959621
07/03	Jolani Lourens	☎ 0823359586
07/03	Jan van den Berg	☎ 0832560113
07/03	Johan Venter	☎ 0169817447

SPESIALE VERJAARSDAE

Geen.

HUWELIKSHERDENKINGS

6 Mrt. Sias en Nicolette Voges, 11 jaar.

7 Mrt. Pierre en Marietjie Greeff, 17 jaar.

7 Mrt. Jako en Karin Whiteman, 6 jaar.

BYBELSTUDIE

Woensdagoggende om 09:00 by die kerk.

Dinsdagaande om 19:00 (Carterstr. 16).

(Soos op kalender aangedui)

NUWE INTREKKERS

Die diakonie is aan die stuur van die nuwe intrekkers diensgroep. By die Welkomhoekie in die saal is 'n boek waarin jy al jou besonderhede kan aanteken.

ATTESTATE/BEWYSE

Word afgekondig.

HUISBESOEKVORMS

Indien jy graag huisbesoek wil ontvang van 'n ouderling, diaken of predikant, **voltooi die huisbesoekversoekbriefie wat by die deure beskikbaar is** en plaas dit in die kerkkantoor se rakkie of Die **Helper** se kassie by die hoofingang van die kerk.

WIT OLIFANT VERKOPING – 14 MAART

Trinitas beplan 'n wit olifant verkoping Saterdagoggend, **14 Maart 2015**, hier by die kerk van 09:00 - 12:00.

Jy kan dus uiteindelik van al die wit olifante wat jou huis en kaste volstaan ontslae raak! Ou klere is ook welkom. Items kan kerk toe gebring word waar

Theuns Odendaal dit in 'n lokaal sal stoor. Die geld wat ons met die wit olifant verkoping insamel, sal gebruik word om die nuwe diensgroepe wat in die gemeente tot stand kom te help om op die been te kom.

Groete: Die Gasvryheid-diensgroep

LOTUSLANDERS BYEENKOMS 10 MAART

Ons besoek op 10 Maart Brandmuller kwekery in Vereeniging. Ons vertrek om 10:00 vanaf die kerkgebou. (Die kombi gaan ook ry.) Kontak Babsie Jacobs, 0836505227, vir meer inligting.

3 Dienskneg

ORRELBEGELEIDING

09:00 – Nannes van der Walt

OUDERLINGE AAN DIENS

01/03/2015 – Alan Brotherton en Jan vd Berg

DIAKENS AAN DIENS

01/03/2015 – Theuns Odendaal

KOSTER AAN DIENS

01/03/2015 – Elsa

08/03/2015 – Theuns

DATABORDDIENS

Behartig deur die Tegnieese span:
Projeksie o.l.v. Hennie Smit, 0711063978.

KOLLEKTES

Onder die erediens vir die Diakonale Kas

01/03/2015 – Ekumenisiteit - bediening in Londen

08/03/2015 – Pro Ecclesia Studieleningfondse

OPNAMES VAN EREDIENSTE OP CD

Indien jy 'n opname van 'n preek wil hê, kan 'n versoek aan die kerkkantoor of Hennie Smit, 0711063978, gerig word.

ONTVANG DIE PREEKTEKS PER E-POS

Stuur op Maandae 'n blanko e-pos na **preek@gktrinitas.co.za**. (Jy moet elke keer wat jy die preek wil hê 'n e-pos stuur). Die stelsel sal self binne 60 sekondes die preekteks vir jou aanstuur. Dis ten volle outomaties en werk 24/7. Vir meer inligting kontak Hans van Wyk by 0828111990. (*Preke sal Sondag na 12:00 op ons webblad beskikbaar wees.*)

GEHOORAPPARATE

Lidmate wat van die gehoorapparate gebruik wil maak, kan dit Sondagoggende onder die trap, agter in die kerk kry.

KLEUTERKERK

Kleuterkerk vind Sondagoggende saam met katkisasie plaas in die eerste klaskamer. Alle kleuters van 2-6 jaar is welkom. Mamas van tweejariges kan dit saam bywoon. Kontak Louise Venter, 0833022716, indien jy geroepe voel om deel te vorm van die Kleuterkerkspan.

KRUIDENIERSWARE BENODIG

Indien jy 'n bydrae wil maak, kan jy volgens die onderstaande lys aankoop: Suiker, pasta, bullybeef, koffie, tee, soja maalvleis, grondboontjiebotter, Pilchards vis, konfynt, melkpoeier, sout, bakebeans, tamatie- en uiesmoor, blikkies gemengde groente, pakkies sop, rys, koekie Sunlight seep, toiletseep, toiletpapier, sjampoe,

tandepasta, tandeborsels en waslappe. (**Plaas alle skenkings in die groot houer in die saal naby die kombuis** – Ons waardeer alle hulp opreg. Diakonie.)

TEESKINK

Vanoggend skink Elize du Plessis se groepie. Volgende week, 8 Maart, skink Susan van Bommel se groepie tee. **Anette van der Walt, 0845334548, is die sameroeper van hierdie diensgroep.**

DR. FRANS MINNIE

Dr. Frans Minnie (pastorale berader) is op **Maandae** beskikbaar by die kerk **slegs vir lidmate van Gereformeerde gemeentes**. Kontak die Kerkkantoor vir afspraak. Donasies kan inbetaal word by: FNB Tjekrekening No: 621 843 512 04, Takkode: 250-945.

KOEKSISTERS

Baie dankie vir almal se getroue ondersteuning. Daar word nie Woensdag koeksisters gebak nie. Kontakpersone Dolf Jonker, 0845066464 en Piet Markram, 0848676990.



Die diakonie vra dat die gemeente die vrymoedigheid sal hê om gebruik te maak van **Die Helper**. Dit is 'n *diens* wat ons aan die gemeente bied. Vir enige hulp van enige aard, kontak asb. die diakonie of los 'n briefie in die houtkis in die voorportaal. Kontak André Smith, 0844627830 of Lozanne Roos, 0823353539.

4 Gestuur

PIKININI BREIPROJEK

Donasies vir die projek kan in die groot houer in die saal geplaas word (waarin kosskenkings aan die diakonie ook geplaas word). Kontak Jackie Kleynjan, 0833814020.



Volgende aksie

Datum: 5 Maart

Tyd: 18:30

Plek: Kerkgebou

Kontakpersoon:

Hardus Visser,
0828215642.

HERWINNING

Die Here stuur ons om sy Skepping op te pas omdat dit Hom ook vir die wêreld wys. Kom laai gerus jou sak herwinbare materiaal af, daar is 'n werker wat dit sal sorteer. Daar is ook instruksies met wat aantoon wat presies in watter houer gegooi kan word indien jy self jou herwinning wil sorteer. Moet asb. nie enige inkopiesakke bring nie, dit word nie opgelaaï nie en lê dan rond. (Indien jy wel te veel inkopiesakke het wat by die huis rondlê, kan dit gerus aan die diakonie of aan die kospakkie-diensgroep geskenk word - Kontak Theuns Odendaal hieroor.) Sakke met herwinningsmateriaal kan Maandae tot Vrydae tydens kantoורה of Sondag voor en na die eredienste afgelaai word by die herwinningsarea agter die katkisasielokale. Kontak gerus vir Maureen van Helden, 0823922093,

indien jy enige vrae rondom die projek het.

ONDERSTEUNING VIR MADAGASKAR

"Naina en Fafa is sendelinge in Madagaskar wat deur Trinitas ondersteun word. Hulle het pas begin met hulle Bybelskool! Bid asb. vir hulle volharding en ander behoeftes met so 'n nuwe projek."

Vir meer inligting soek hulle groep op *Facebook* "Naina, Fafa and Mirado".

Indien jy 'n bydrae wil lewer:

Aksie Uitreik, ABSA, rek no. 9055971748.

PAASOPVOERING BY KUNSTEDRAAI

Met die oog op Paasfees wat om die draai is, het Kunstedraai besluit om 'n moderne produksie: **Die Uithoeke van die Wêreld** op die planke te bring. Dit is geskryf deur Christa Snyman, 'n lid van ons gemeente en geregisseur deur Franciska van der Merwe en Riëtte Odendaal. Skilderwerk rondom die tema deur Rineke Visser sal ook te sien wees.

Die verhaal gaan oor offer en die betekenis van offer sodat mense kan nadink hoe Jesus vir hul geoffer is. Dit is 'n verhaal met Bybeltekse wat hopelik elke kyker gaan inspireer om tot die besef te kom dat Jesus baie vir ons gedoen het. Natuurlik is die verhaal modern; dit handel oor 'n ma wat haar gekwalifiseerde verpleegsterkind moet offer aan Wes Afrika vir dienswerk daar, maar dan kom die Ebola-virus ...

Datum: 13 Maart

Plek: Kunstedraai

Tyd: 18:30

Koste: R50 p.p.

Kontak Franciska, 0827818032, vir kaartjies.



BELANGRIKE DATUMS VIR MAART

- 3 Maart – Kerkraadsvergadering
- 5 Maart – CIA-byeenkoms
- 7 Maart – Sustersaamtrek
- 10 Maart – Lotuslanders byeenkoms
- 14 Maart – Wit olifant verkoping
- 25 Maart – Skole sluit

GKSA NUUS

BEROEPE ONTVANG

- Ds E Naude (Emile) van Eden na Boksburg-Suid.
- Ds FJ Potgieter (Fritz) van Meyerton na Bloemfontein-Suid.

BEROEPE BEDANK

- Ds GJ Erasmus [Gert] van Komatipoort na Nylstroom.

OP DIE KENNISGEWINGBORD

- FEBA Radio
- Geopende Deure Nuus
(lees meer by www.opendoors.org.za)
- Uithoeke van die Wêreld Paasopvoering
- God in skole
- Moot Skoolverlaterskamp Julievakansie

KRUISPAD

Kruispad is die jeugtydskrif van die GKSA (www.kruispad.net). Dit bied toerusting aan jong, groeiende gelowiges om

ingeligte keuses te maak wat tot geloofsgroei kan lei.

Kostes: R116 (gedruk)/R85 (elektronies).
Stuur 'n e-pos aan kantoor@kruispad.net indien jy wil inteken of 'n artikel wil skryf.

SUSTERSAAMTREK 2015

Daar is 'n lekker groepie dames wat na hierdie jaar se Sustersaamtrek gaan! Die agt (8) dames wat aangedui het dat hulle met die kombi wil ry, moet asb. Saterdag, 7 Maart om 06:40 by die kerk bymekaar-kom. Susan van Bommel, wat die kombi gaan bestuur, wil graag 07:00 vertrek. Ander dames wat met hul eie motors ry, is welkom om ook eers by die kerk bymekaar te kom of direk Edenvale toe te ry. Ons kry mekaar 08:00 se kant by die Gereformeerde Kerk Edenvale, Eerste Laan Verlenging 999, Edenvale.

GPS Koördinate: S26.07.23.58 O28.08.2
Groete: Gretha

NG DRIEHOEK BIED AAN ...

Frank Opperman: Die klaagliedere van Ds. Tienie Benade

Datum: 24 April

Plek: NG Driehoek, Macowenstraat

Tyd: 19:00

Koste: R100

Kaartjies te koop by Theuns Odendaal by die Welkomhoekie.

VERBLYF GESOEK

'n Jong man wat besig is met nagraadse studie is opsoek na verblyf in Vanderbijlpark. Indien iemand kan help, kan hulle gerus met Griffel praat. Hy soek slegs 'n eenslaapkamer plekkie wat nie te

groot is nie en, indien moontlik, nie te ver van die Vaal-Pukke kampus af is nie. Baie dankie vir die hulp, hy het groot waardering daarvoor.

ONS KWARTAALTEMA: 'VERLOS'!

Om onself beter te verstaan as 'n **verloste familie diensknegte wat gestuur is**, gaan ons elke kwartaal op een van hierdie aspekte fokus. Hierdie kwartaal fokus ons op '**Verlos**'. Daarom het ons 'n uitstalling in die portaal om ons eerste kwartaal se fokus op '**Verlos**' sigbaar en tasbaar te maak. Hier is 'n uiteensetting van die simboliek in die uitstalling:

Swart: die duisternis

Kettings: die sonde wat mense vasbind

Die tou: is soos 'n web van sonde waarin mense verstrengel raak. Dit is nie altyd so duidelik sigbaar nie.

Kristalle: die wêreldse dinge wat mense se gedagtes oorheers (*glitz and glamour*)

Medaljes: sukses word nagejaag

Geld: Mammon as afgod. Dit word bo alles in die lewe geplaas

Trofee: prestasies, waarin identiteit gesoek word

Dink self hieroor en gebruik gerus die uitstalling om die tema lekker prakties vir jou kinders te verduidelik. Hou dit ook dop vir klein veranderinkies deur die loop van die kwartaal.

KONTAK ONS

www.gktrinitas.co.za



GKTrinitas

Kerkkantoor:

Elsabé Muller

☎ 0169825017 / 0724874258

kantoor@gktrinitas.co.za

Faks no.: 086 219 5728

Kerkkantoortye:

Maandag tot Donderdag

Tye: 08:00 tot 13:00

Vrydae: 08:00 tot 12:00 (Nuusbrief)

Skriba:

Gerrit van Wyk 0823328550

Kosters:

Theuns Odendaal 0832561387

Elsa Prinsloo 0794778699

Orrelis:

Nannes van der Walt 0833041841

Bankbesonderhede van kerk:

Rek. naam: Geref. Kerk Vanderbijlpark

Trinitas ABSA Tjekrekening 530340449

Predikant:

Griffel van Wyk

☎ 0169324615 / 0823543726

Adres: Ogilviestraat 6, SE2

Vanderbijlpark

e-pos:griffel@gktrinitas.co.za

TRINITAS FINANSIËLE VERSLAG: Oktober 2014 – Januarie 2015

	Okt-14	Nov-14	Dec-14	Jan-15
Inkomste	167 342	159 446	128 853	182 573
Min: Uitgawes				
Woordverkundiging	-104 214	-101 449	-101 449	-102 200
Salarisse	-20 451	-40 402	-20 451	-20 451
Erediens & Kunste	-5 898	-7 052	-8 933	-700
Uitreik (Sending)	-1 000	-1 000	-1 000	-1 000
Toerusting & Opleiding	-2 099	0	-9 442	-9 211
Admin (Instandhouding)	-19 139	-19 235	-38 624	-22 704
Kantoor	-3 998	-6 275	-7 998	-8 660
Versorging (Dr Minnie)	-6 495	-6 495	-6 495	-6 495
TOTAAL	-163 294	-181 908	-194 392	-171 421
Wins/Verlies	4 048	-22 462	-65 539	11 152

GOD IN SKOLE

Daar is 'n georganiseerde aanslag teen godsdien in die algemeen en teen die Christelike geloof in die besonder. Dit word op die spits gedryf deur 'n hofsaak van ateïste waardeur hulle poog om godsdien in publieke skole te verbied!

Kerke en Skole moet saamstaan om hierteen weerstand te bied!

'n **Fietstoer** gaan vanaf 13 April tot 26 Junie 2015 deur Suid-Afrika aangepak word! Meer as 100 dorpe word besoek om die volgende sake te bevorder:

- 1) Fondse in te win vir 'n hofsaak teen die bogenoemde groep ateïste.
- 2) Bewusmaking van ouers en kerke t.o.v. hul opvoedingsverantwoordelikheid.
- 3) Invordering van petisielyste as versterking by hofgeding.
- 4) Bewusmaking van die werksaamhede van die Instituut vir Christelike Onderwys (ICO), ondersteuningskursusse vir onderwysers en leerders by **alle** skole (Afrikaans + Engels)!

Inligtingsvergadering: Vrydag, 6 Maart (08:30-09:30) by Gereformeerde Kerk Trinitas (H/v Piet Retief/Pietersen, SE6)

In samewerking met:

Geref. Kerk Totiusdal, ICO, AfriForum, Solidariteit, FEDSAS en u!

